# DIE OORSAKE VIR DIE ONTSTAAN EN BESONDERE AARD VAN DIE ZION CHRISTIAN CHURCH

## 1. Inleiding

1.1. *Kort geskiedenis van die Zion Christian Church:* Die stigter van die Z.C.C. was Engenas Barnabas Lekganyane. Hy is gebore in 1885 en was die kleinseun van die beroemde toordokter van kaptein Mamabolo, nl. Marobathoto Raphela. Ongeveer 1900 is hy gedoop in die Free Church of Scotland. Toe hy uit Johannesburg terugkeer waar hy gaan werk het, het hy onder die invloed gekom van 'n sekere P. L. le Roux wat as sendeling onder die Pedivolk vir die Apostoliese Geloofsending gewerk het.[1] Aanvanklik wou Engenas opleiding as evangelis in die Free Church of Scotland ontvang het,[2] maar nou het hy oorgegaan na die Apostoliese Geloofsending. By hulle het hy nie lank gebly nie, want dieselfde jaar wat die A.G.S. onder die Pedivolk begin werk het en hy ook gedoop is, het hy weggeskeur van hulle af en so die Zion Christian Church gestig.[3]

Op 1 Junie 1948 is Engenas Lekganyane oorlede. Nadat daar stryd ontstaan het oor die opvolging, het daar skeuring gekom. Uiteindelik het Edward Lekganyane leier van die grootste groep geword, maar sy broer Joseph het 'n taamlike aanhang bly behou veral naby Pietersburg. Daar het ook 'n onbelangrike groep ontstaan wat volgelinge was van Petrus Lekganyane, 'n broer of neef van Engenas. Edward en Joseph is seuns van Engenas. Albei hierdie leiers van die groot groepe beskou hulleself as die wettige opvolgers van die oorspronklike leier. Hulle dra onderskeidende kentekens. Die groep van Edward dra 'n metaal silwerster op 'n stukkie swart of donkergroen materiaal. Op die ster is die letters Z.C.C. Die groep van Joseph dra 'n afbeelding van 'n duif op 'n metaalkenteken wat ook op 'n stukkie materiaal vas is. Ook hulle het op die kenteken die letters Z.C.C.

Aanvanklik het die Z.C.C. geen opsienbarende groei getoon nie, maar veral sedert die veertigerjare het hulle getalle skerp toegeneem en versprei oor die hele land. In 1963 is Edward Lekganyane toegelaat tot die Stofberg Teologiese Skool van die N.G. Kerk.[4] Sedert die stigting van die Z.C.C. het die groep al verder van die Woord af weg beweeg, maar met hierdie toetrede tot die skool het daar by Edward self 'n mate van verandering gekom. Ongelukkig kon die vrugte hiervan nie so goed deurwerk nie, aangesien hy reeds in 1967 oorlede is. Die getal lidmate kan nie presies bepaal word nie, maar is tussen 50 000 en 80 000.[5]

Tans is 'n komitee in beheer aangesien die wettige opvolger van Edward, nl. Barnabas, nog onmondig is.

1.2. *Die oorsake vir die ontstaan en besondere aard van die Z.C.C.*

*Indeling:* Die oorsake vir die ontstaan en besondere aard van die Z.C.C. vertoon groot ooreenkoms met die oorsake vir die ontstaan en besondere aard van dergelike bewegings oor die hele wêreld, maar

veral onder die Bantoevolke van Suid-Afrika. Navorsing het bewys dat hierdie bewegings groei uit 'n situasie waarin baie oorsake saamwerk. Daar word ook telkens getrag om hierdie oorsake in te deel. Barrett wil 'n basiese faktor vind deur die faktore in te deel.[6] Ook Sundkler kom tot 'n grondoorsaak. Vir hom is dit rasseskeiding in Suid-Afrika.[7] Vir Barrett is dit dat die liefde van die sending en die begrip vir die Afrikamens tekort geskied het en dat die Bantoe dit as 'n tekortkoming gesien het by die lig van die Skrif wat hulle in hulle eie taal ontvang het.[8]

Die soektog na 'n basiese faktor skyn vir my gedwonge te wees. Waarom moet dit noodwendig so wees dat daar een basiese faktor moet wees waaruit hierdie en dergelike bewegings ontstaan? Indien dit die bedoeling is om met die soek na 'n grondoorsaak werklik tot die grond terug te gaan, sou hierdie poging geregverdig wees. Maar dan kan die grond tog niks anders wees as die poging wat vanuit die ryk van die duisternis aangewend word deur allerlei metodes om die lig te oorweldig nie! Sowel Sundkler as Barrett het nie deurgedring tot hierdie basis nie. Dit is miskien vir die geleerdes, ook teoloë, te naïef. Beyerhaus kom veel meer hiertoe as hy sê dat hierdie bewegings in hulle voorkoms die antwoord is op die verkondiging van die evangelie.[9]

Uit die magdom van saamwerkende oorsake kan tog ook tot 'n sinvolle indeling gekom word.

Die volgende indeling verskil van al die ander wat reeds in die literatuur gegee is, maar skyn vir my die mees aanvaarbare:

1.2.1. Onmiddellike ontstaansfaktore.
1.2.2. Voortbestaan van die ou besit in die nuwe beweging.
1.2.3. Oorsake afkomstig van die Christendom en die Westerse beskawing.
1.2.4. Nie-religieuse oorsake uit die moderne tyd.
1.2.5. Die pogings tot 'n sinvolle sintese tussen die oue en nuwe.

## 2. Onmiddellike ontstaansfaktore

Die onmiddellike ontstaansfaktore is gewoonlik die laaste strooitjie wat die kameel se rug laat breek. Daar is reeds 'n hele atmosfeer gereed vir die breuk. Daar is reeds lankal 'n groep faktore aan die werk, waarby nog net die nodige ontploffing moet kom voordat die wegbreek ontstaan. Margull spreek van kragte wat wyd om 'n beweging self voortbestaan.[10]

By die Z.C.C. was daar ook so 'n onmiddellike oorsaak aanwesig. In 'n geding om die leierskap in die gemeente van die Apostoliese Geloofsending waaraan hy behoort het, het hy weggeskeur met 'n aantal volgelinge en sy eie beweging, die Z.C.C. gestig.[11] (Daar sal later gewys word op die verband tussen hierdie onmiddellike ontstaansfaktore en die verkeerde opvatting van die Heilige Gees asook op die verband hiertussen en oorsake wat uit die Christendom aanwesig is).

## 3. Voortbestaan van die ou besit in die nuwe beweging

Met die ou besit word hier bedoel die hele vorige bestaan toe daar nog geen aanraking met die Christendom was nie. Dit verbaas ons soms dat 'n Bantoevrou midde in die blanke beskawing doodluiters haar tas of komberse op die kop dra. Na al die aanraking met die Westerse beskawing het hierdie eie trek bly voortbestaan. Dit moet ons nie verwonder dat baie van die geestelike besit van die Bantoe uit sy heidense dae nog aktief is in sy lewe nie. Hierdie geestelike besit is nog hardnekkiger om te verander as die uitwendige dinge.

Op drie vlakke sal ons nou hierdie voortbestaan van die oue in die nuwe beweging nagaan, nl. t.o.v. die Godsbegrip, magie en die kerkbegrip.

### 3.1. *Die Godsbegrip*

#### 3.1.1. *Die opvatting oor God, die Vader*

Agter en bo die voorvadergeeste bestaan daar vir die Bantoe 'n Hoogste Wese. Aan hom ken hulle baie mag toe en hulle gebruik verskillende name vir hom wat van plek tot plek verskil.[12] By baie van die lede van die Z.C.C. word God, die Vader, as so 'n hoogste wese gesien.

Die godsdiens wat beoefen word, het meer te make met die voorvadergeeste by die meeste Bantoe, maar daar word altyd besef dat op die agtergrond die hoogste wese is. Normaalweg word daar egter nie met hom kontak gemaak nie. Volgens Eiselen aanbid hulle hom nie.[13]

Die gebruik van die woord *Molimo* het die vereenselwiging van die Hoogste Wese met God, die Vader, vergemaklik. So word God dan ook 'n veraf wese vir hulle en is Hy nie die persoonlike God met Wie daar deur Jesus Christus van dag tot dag gemeenskap beoefen word nie.[14]

Hierdie opvatting oor God bestaan baie duidelik by die Z.C.C. Hy is die Een in Wie die mag uiteindelik saamtrek, maar Hy is die veraf en onpersoonlike God met Wie daar nie daagliks gemeenskap beoefen word nie. Dit is verder ook 'n feit dat in die Z.C.C. met Modimo net geskakel kan word deur die hele hiërargiese orde van plaaslike hoofde, hoofde van groter sentra en uiteindelik die hoofleier. So was dit ook in die ou tradisionele godsdiens.[15]

#### 3.1.2. *Die opvatting van die Heilige Gees*

Oosthuizen noem die mees ingewikkelde teologiese probleem van Afrika die verwarring wat daar t.o.v. die voorvaderlike geeste en die Heilige Gees bestaan.[16] Die teruggrype op die voorvaderlike geeste hang saam met die verwerping van die „Wit Christus".[17] Hierby is daar dan dikwels 'n gewaande oortuiging dat daar 'n verbintenis is met die Heilige Gees. Häselbarth wys daarop dat Christologie en Pneumatologie nie geskei kan word nie: „Wir sollen daher

nicht der alten Versuchung verfallen, die Pneumatologie von der Christologie zu isolieren".[18] Juis ook deur die feit dat God tot 'n onaktiewe randbegrip weggestoot word, kom daar vir die heiden ruimte vry vir die verering van voorvadergeeste.[19] Met die voorvadergeeste is daar dan die allernouste band. Hulle word wel nie aanbid nie en word soms met minagting behandel, maar tog is dit deel van die godsdiens van die Bantoe dat hulle genader word. Hulle word gevrees en geëer. Daar is wedersydse afhanklikheid tussen die lewendes en die voorvadergeeste.[20] 'n Swart skrywer van Afrika, Lediga, skryf dat die geeste bepalend is by die hele lewe van die swartman.[21] Welbourn sê dat die verskynsel dat 'n vrou tussen ander tydens 'n erediens op die grond val, alleen maar 'n kulminasie is van belewing van die „Gees" wat die hele lewe deurtrek.[22]

Die geweldige aansien van die biskop word gedeeltelik verklaar uit die feit dat hy vir die Z.C.C. (die stam in die ou bedeling) die sake by die geesteswêreld regmaak.[23]

Sundkler, Baeta, Oosthuizen, Anderson, e.a. is dit eens dat in die Westerse Protestantse Kerke daar te min tereg kom van die emosionele kant van die godsdiens. Die Roomse Kerk met sy meer mistieke verering vind hier meer aansluiting by die Bantoe. Waar hierdie klag van die „gees" wat onderdruk word ook in die verlede dikwels van die kant van die Apostoliese Geloofsending en ander Pinkster-tipe bewegings gekom het, kan begryp word dat dit ook in die lewe van Engenas Lekganyane 'n belangrike rol gespeel het. Hierdie gedagtes wat hy met hom saam gebring het, het geleidelik verbind geraak met die voorvadergeeste veral omdat die Woord al meer op die agtergrond geraak het. En waar die verband tussen die Woord van God en die Heilige Gees verloor word, kom snaakse sg. geestesverskynsels na vore.[24]

Häselbarth noem 'n voorbeeld van die verwarring tussen Heilige Gees en ander geeste. Wanneer 'n lidmaat van die Z.C.C. in vreemde tale praat, sê die ander: „O bolela ka maleme a barongwa" (hy praat in 'n engeltaal of boodskappertaal). Daar word egter geen onderskeiding gemaak oor wie eintlik spreek nie: 'n engel, die Heilige Gees as derde persoon van die goddelike Drie-eenheid, 'n demoon of 'n voorvadergees.[25]

Die „Gees" laat soms in tale spreek, gee meer krag, en gee leiding deur drome. By die doop word geglo dat die „Gees" 'n besondere rol speel. Hier kom dan ook dikwels ekstatiese verskynsels. By die oplê van hande word die „Gees" oorgedra.

In die verlede het die Z.C.C. hulle met trots daarop beroep dat hulle 'n kerk is waar die Heilige Gees is. As bewyse daarvoor het hulle aangevoer dat daar genesings plaasvind, dat die lede drome ontvang, dat in tale gespreek word, dat profesieë uitgespreek word, dat daar ekstatiese gebed en danse is en dat getuienisse gelewer word.[26] Hierby is die geeste egter nie beproef om vas te stel of hulle uit God is nie.[27]

Die rol wat geeste-diens nog speel in die Z.C.C. en die verwarring met die Heilige Gees, maak die stelling van Oosthuizen dat besetenheid deur geeste weer die hele etniese natuurlike en bonatuurlike

wêreld vir die besetene oopmaak, baie belangrik. Hierdeur kry Christelike begrippe dan 'n „nuwe" betekenis.[28]

'n Ligpunt is seker dat daar duidelike aanduidings is dat die omgekeerde nou besig is om te begin gebeur in die Z.C.C. Meer plek word vir die Woord ingeruim en minder vir die „Gees". Eerlike beoordeling dwing 'n mens ook om te sê al is daar groot verwarring by die Z.C.C. t.o.v. die Heilige Gees, dit tog nie gesê kan word dat die Heilige Gees nie ook werksaam is by baie van hulle nie. Die baie lede van die Z.C.C. wat ernstig besig is met Skrifstudie is genoeg weerspreking van enige veralgemening wat te kenne sou wou gee dat slegs heidense geeste in die beweging 'n rol speel.

3.1.3. *Die opvatting oor Jesus Christus*

Edward Lekganyane, wat tot dusver as die groot leier van die Z.C.C. gesien moet word, het alle aansprake dat hy messias sou wees, afgewys.[29] Deur baie van sy volgelinge is hy egter as messias beskou, en messias en verlosser genoem. Die name van Jesus word gerespekteer, maar staan nie in die sentrum nie.[30] Dit is nie onmoontlik dat by lede van die Z.C.C. met Christus ook gebeur het wat Turner skryf in 'n ander geval nie: Die Godheid van Christus word bo alle twyfel erken, daar vind dan identifikasie met God die Vader plaas en saam met die Vader word die Seun dan as Hoogste Wese weggestoot as die veraf God.[31]

Daar is beslis 'n vorm van onbewuste identifikasie van die biskop met Christus. Die beweging is egter nie messiaans in die sin dat hulle die spoedige wederkoms van die gestorwe biskop verwag nie. Die ideologie van 'n swart messias teenoor 'n wit messias word nie direk uitgespreek nie, maar skyn tog ook 'n onbewuste agtergrond te vorm vir die feit dat die biskop so na vore kom en Christus so op die agtergrond gedruk word.[32]

Wat interessant is, is dat in die Z.C.C. soos by die Jode die ergernis van die kruis omseil word. As Christus iets moes beteken het, moes dit gewees het dat Hy mag besit, vergelykbaar met die rykdom en mag wat rondom die leier van die Z.C.C. opgebou word. Dat Christus moes sterf, is vir hulle moeilik te verstaan. Verlossing in religieuse sin kan 'n mens tog immers verkry deur reinigingsrites en deur gawes van die geeste: Verlossing is vir hulle genesing en reiniging, en niemand het nodig om ter wille daarvan te sterf nie. So word die krisis van die kruis omseil en word die hoofvraag dié na die verwerwing van meer lewenskrag.[33] Die unieke en eenmalige verlossingsdaad van Christus wat in die Woord en sakrament verkondig word, word verplaas deur 'n genade-meedeling of oordrag.[34] So is dit ook waar by die Z.C.C. wat Honig skryf, nl. dat verlossing deur Christus 'n geloof is waarmee religieuse ergernis verwek word.[35]

Wanneer oor die lyde en sterwe van Jesus gespreek word, word Hy soms as magtelose mens wat gesterwe het en nie weer opgestaan het nie, beskou. Maar dat Hy God is wat vlees geword het — dit word nie as deel van die religieuse gedagtewêreld van die lidmate van die Z.C.C. gesien nie. So word daar ook geen begrip getoon i.v.m. versoening nie.

By die Z.C.C. kry ons die mens wat met sy eie verlossingsprogram besig is. Net soos ander religies wat verlossing leer, dra dus die verlossing ook hier 'n outosoteriese karakter.[36]

Veral m.b.t. verlossing is dit duidelik hoedat die oue in die nuwe bly voortbestaan in die Z.C.C. „Die primitiewe volke van Afrika ken nie die Christelike begrip van verlossing nie. Hulle het geen besef daarvan dat hulle van hulle sondes verlos moet word nie en dat daar vir die volk van God 'n saligheid weggelê is nie. Hulle verkies die menslike lewe op aarde bo hulle skaduagtige bestaan".[37] Vir hierdie lewe word daar harmonie met die gemeenskap en die kosmiese orde geskep.[38] Daarom is die lewe van die Bantoe ook grootliks daarop ingerig om sy lewenskrag te versterk.[39] By hierdie poging tot selfredding moet ook klem gelê word daarop dat die Z.C.C. voortdurend besig is met wetsonderhouding.[40] Verlossing beteken vir die Bantoe dikwels, en baie duidelik vir die lidmate van die Z.C.C., 'n redding uit die nood van hier en nou.[41] Versoening word oorbodig omdat daar nie die besef is dat die heilige God deur die sonde aangetas word nie.

'n Opmerklike ontwikkeling in die Z.C.C. is dat een van die eienskappe wat dit heel aan die begin gehad het, totaal verlore gegaan het. Aanvanklik is die wederkoms van Christus spoedig verwag. Van hierdie verwagting het daar so goed as niks oorgebly nie, terwyl daar tog van die „Geesteselemente" wat net soos die wederkomsverwagting erfenis is van die A.G.S., 'n duidelike merkbare erfenis was. Hiervoor kan daar meer as een rede wees. Ten eerste word daar gevoel dat die Gees Hom daagliks in hulle lewe manifesteer. Christus en sy wederkoms is egter iets van die toekoms en die toekoms raak maklik buite sig vir die Bantoe. Verder kon daar in die bewussyn 'n verbinding gemaak word tussen die ou geestebesit en die Heilige Gees, maar tussen Christus en die biskop wat soveel van die plek van Christus usurpeer, is die verbinding nie moontlik nie. Daar moet vir die een òf die ander gekies word, onbewus. Die biskop word gekies, want hy is vir hulle die waarborg van die voortgang van die lewe. Christus is nie uitgesproke verloën nie, maar het net nie meer vir hulle 'n plek in die religieuse lewe gehad nie. 'n Lydende Messias is buitendien in stryd met wat hulle van 'n verlosser verwag. Margull sê dat „hier die Erwartung die erwarteten Gestalten regiert; sie ist so stark, dass die Heiland ausgetauscht werden können.[42] Volgens sekere baruti van die Z.C.C. is Jesus deur die Vader gestuur om dinge hier te kom regmaak. Hy het nie geslaag nie en daarom het die Vader Hom weggeneem, d.w.s. Hy het soos 'n mens aan sy einde gekom.

Daar is veral 'n kragtige poging om veiligheid en welsyn vir die mens hier te bewerk. Dit is wat hulle van 'n verlosser begeer en omdat dit op wyses sonder Christus nagejaag word, is Hy oorbodig. Lewenskrag moet hier ontvang word en van 'n ewige toekoms is daar geen denkbeeld nie. „Das Drängen, besser das Gedrängtsein nach neuer und mehr lebenskraft schliesst die Möglichkeit des Mitsterbens mit Jesus im Glauben zunächst aus".[43]

Marie-Louise Martin se gevolgtrekking oor messianisme in Suide-

like Afrika is ook op die Z.C.C. van toepassing: „Yet deep down in the minds of the followers of these black christs we must perceive the quest for revelation here and now a desire for deliverance from evil, and a deep longing for a new society, happiness and joy. There is also an initiative in Zionism and messianism which cannot be ignored. All this presents a serious challenge to the Church of Christ in Southern Africa to which the messianic ministry is entrusted".[44]

Dit is opmerklik hoedat die sonde van die mens uitkom in sowel die „primitiewe" as in die gevorderde of ontwikkelde volke. Dit blyk uit wat Oosthuizen sê nl. dat in die eeu van verligting die etiese geluk tot middelpunt gestel word, en verder nut, deug en beloning, wat niks anders as egoïsme is nie. In die bewegings soos die Z.C.C. is dit ook welvaart in die tydelike lewe, verbind met die tradisionele geordendheid, 'n soort Afrika-utopia, wat die hartsbegeerte van 'n chiliasties-messiaanse verwagting is. Wat dié toekoms betref, het Christus dan geen betekenis nie. As Redder vir die Blankes is Hy oorbodig vir die Bantoe. Hy is getoets en te lig bevind. Alle hoop word gevestig op hulle eie verlossers. So bid die lede van die Ngunzistiese beweging bv. „In die naam van die Vader en van André Matswa en van Kimbangu".[45] Hiermee stel Oosthuizen die verdringing van Christus en die opkoms van messianisme, ook vir die Z.C.C., as 'n probleem van óns tyd. Dit lê in 'n lyn met die onkeerbare drang van die mens om vir homself op hierdie aarde soos dit nou is, heil uit te werk. So is daar ook in die messiaanse bewegings oor die hele aarde 'n sekere eenheid te bespeur. Sierksma noem sewe kenmerke van messiaanse bewegings. Van hulle is ses van toepassing op die Z.C.C. Sy studie gaan egter oor messiaanse bewegings in verskeie ander lande. Uit die geskiedenis weet ons dat die Heilige Gees dikwels op verskillende plekke herlewing gebring het, bv. die afskeiding in 1834 in Nederland en verder ook in Suid-Afrika, Amerika. Hier sien ons die teendeel. Op 'n taamlike universele wyse bewerk die ryk van die duisternis 'n ander evangelie wat geen evangelie is nie. Ons moet onthou dat 'n messiaanse beweging soos volg gedefinieer kan word: 'n Messiaanse beweging is 'n beweging wat gesentreer is rondom 'n leidende figuur wat vir homself besondere kragte toeëien wat uitgaan bo die profetiese en by wie daar 'n mate van vereenselwiging met Christus is.[46] Sou dit vergesog wees om aan te neem dat die weg van die Antichris ook deur hierdie messianisme voorberei word, veral gesien die universele trekke daarvan?

Dammann wys op kenmerke van sekere Sionistiese sektes en messiaanse sektes en dan maak hy verskil tussen die Sionistiese sektes wat wel Christus bely en messiaanse sektes waar dit nie gedoen word nie. By die Sionistiese sektes is dit dan dikwels die geval dat Christus wel formeel bely word, maar in die praktyk word Hy deur die profete of ander figure verdring.[47] By die Z.C.C. is dit baie opmerklik.

### 3.2. *Magie*

Oosthuizen sê oor die verband tussen magiese praktyke en ontwikkeling van 'n messiaanse figuur die volgende: „In die *magiese*

nativisme word die profeet of messias magiese persoonlikhede. Namate die magiese krag van 'n profeet vermeerder as gevolg van die eis van omstandighede, na dié mate ontwikkel hy tot 'n messiaanse figuur totdat die persoon self glo dat hy 'n messias is. Deur hom word die magiese struktuur van die oue gebruik om die bonatuurlike magte te manipuleer om dan weer die goue eeu van die verlede daar te stel".[48] So het veral Edward Lekganyane in sy vroeë stadium as biskop probeer om met magiese gebruike die oue in die nuwe te laat herlewe. Dit blyk veral uit genesings, reinigingseremonies, seremonies van kragoordraging, gebruike by die doop, danse en ekstatiese verskynsels. In hierdie milieu het die lidmate van die Z.C.C. hulle weer tuis gevoel, want dit het aan hulle die oue teruggegee.

Volgens Du Plessis het die verkondiging van 'n transendente God oral ingang gevind in Afrika. Die Christendom het hierin aangesluit by wat God in sy algemene openbaring reeds gegee het, nl. dat daar 'n vae besef was van die bestaan van God. Maar nou is hierdie Christelike verkondiging van die lewende God ook weggeskuif na vaagheid, hoewel dit as verkondiging ingang gevind het. In die plek van voortdurend te verkeer met die God van die Skrifte het daar egter gekom die godsdiens vir die daaglikse lewe, nl. geloof in voorvadergeeste, gode en magie.[49] Dit is ook die lewende in die Z.C.C. Baie Christene het twee godsdienste. Waar die God van die Skrifte nie help nie, moet magiese praktyke en geeste help.[50] Die primitiewe religiositeit het in die tweede fase van die bestaan van die Z.C.C. nie net die agtergrond gevorm waarteen hulle Christendom gesien moes word nie, maar dít was inderdaad die voorgrond. Häselbarth sê dat wat magiese praktyke betref, ons in die hart van die Z.C.C. is.[51] Wanneer die genesingspraktyke aan die gang is, word daar gevoel dat daar werklike kragte aan die werk is. Godsdiens word dan opgevat as werklike krag. Dit gaan hier egter nie om die wil van God nie, maar God word in sy soewereine vryheid aangetas en daar is 'n noue verwantskap met magiese bewegings uit die ou heidendom.[52]

In 'n poging om Christelik te wees, wys die Z.C.C. toordery streng af. In die plek daarvan tree nou egter soveel magiese bygeloof dat die ou toorpraktyk nou net oor 'n breë front veralgemeen word en as deel van die godsdiens ingeskakel is. Die middele wat gebruik word, toon 'n sterk ooreenkoms met die ou heidendom sodat ook hier 'n teruggrype is op die vorige bestaan. Die magie lê nie soseer in die dinge self as in die kontak daarvan met Lekganyane nie, en so deur hom met die Hoogste Wese, of met die geeste. Ou dinge het nuwe name gekry. Die verlange na veiligheid het 'n herlewing van vrees en wantroue by die Bantoe tot gevolg waartoe die Z.C.C. sy deel bydra.

Name het vir die Z.C.C. magiese waarde. Dit kom tot uiting in die veelvuldige gebruik van die woord *Sion*. Dit kom voor in die naam van die beweging en in die naam van die hoofsetel. „The Banty World" gee 'n duidelike uitbeelding van hoedat die naam *Zion City Moria* vir die Z.C.C. magiese betekenis het.[53] Met die gedurige uitroep

van *Kgotse Sione* is daar ook 'n duidelike neiging om deur dié uitroep die vrede vir die Z.C.C. te verseker.

Van die Bybel word ook soms 'n magiese krag verwag. Daarom word dit soms op 'n tafel geplaas sonder dat dit gelees word tydens 'n diens. Turner maak melding van 'n soortgelyke vorm van gebruik van die Bybel.[54]

Water het groot magiese krag vir die Bantoe. Vandaar die voorkeur vir lopende of dieperige water. Daar moet ook eers oor die water gebid word, sodat dit krag kan kry.[55]

Die toekoms is nie vir die Z.C.C. 'n lewende verwagting van Christus wat as Oorwinnaar sal kom nie. Dit word eerder gesien as geordende inskakeling in 'n groep en in die kosmos waardeur ook lewenskrag verseker word.[56] Hierdie verwagting word 'n groot aanleiding vir magiese praktyke om die verwerkliking daarvan te verseker.

### 3.3. *Kerkbegrip*

Nêrens word die krag van die oue so sterk in die nuwe geopenbaar as juis in die posisie van die hoof van die beweging nie. Volgens die konstitusie wat deur Engenas Lekganyane opgestel is, moes daar jaarliks op die jaarvergadering 'n hoof gekies word.[57] Daar is geen teken dat dit ooit gedoen is nie. Die tradisie het onmiddellik op die patroon van die ou stamstelsel die leier tot permanente hoof verhef. Die begeerte na 'n natuurlike of suiwer Afrikabasis het juis die ware aard van kerkwees aangetas. Dit het 'n nuwe stamgroep geword, want in die heidense lewe van vroeër het die stam met sy hoofman of sakrale koningskap 'n groot rol gespeel.[58]

Die persoon van die leier, die hoofman of die sakrale koning was vir die Bantoe die „sum and substance" van die hele gemeenskap. Hy is soms in Afrika die „mwene-muzi" genoem, die werklikheid van die dorpie self. Hy is die uitdrukking van die solidariteit van die stam. Hy is die lewende vader van die stam en moet kinderlik geëer word, want hy is verantwoordelik vir die welsyn van die hele stam. Hy is die middelaar tussen die lewendes en dooies omdat hy die hoogste plek onder die lewendes beklee. Hy is verder middelaar tussen die mens en die kosmos. Wanneer God nie heeltemal in die vergetelheid weggedring is nie, is hy ook die skakel met God. Hy is die een wat tot heiligheid verhef word en hy word as menslike middelaar 'n hemelse wag en gids.[59]

Op hierdie wyse het Lekganyane nie net hoof van die beweging geword nie, maar hoofman, en die beweging het sy stam geword. Grondbesit en tug in die beweging wys ook na 'n nuwe stameenheid.[60] Christus word as Hoof van sy kerk verplaas deur die leier van die beweging. Martin sê dit besonder pakkend: „Who is the real king who represents the Church as the head of the body? Who is the giver of life? Who is the real mediator? Is it the leader, the king of the new Jerusalem, or Jesus Christ? If it is the leader, then Jesus Christ is no longer the real head, the Church therefore is no longer his body. The ligaments that connect the members is no longer

the Holy Spirit but an impersonal power.[61]

Behalwe dat die leier van die beweging so die plek van Christus inneem as hoof van die kerk, is daar ook 'n hele hiërargiese orde in die beweging. Die Bantoe kan die mens nie beskou as staande op sigself nie. Hy staan in betrekking tot die ander mense wat lewe en tot alle lewende en nie-lewende dinge.[62] Dat die rangorde van die Z.C.C. in die trasionele stelsel geplant is, is duidelik. In die raad van biskop, hoofpredikante en predikante, en veral soos dit nou onlangs uitgebou is deurdat die hiërargiese orde deurgetrek word deur al die ampte tot die kleinste, is die ou stamstelsel duidelik herkenbaar. By die feeste en konferensies word die rangorde uiterlik vertoon deur onderskeidende kleredrag.[63]

T.o.v. die kerkbegrip moet ook die *gemeenskapsgevoel* bespreek word. Op die oog af sou dit selfs lyk asof die sterk onderlinge band die Christene jaloers kan maak. 'n Mens se eerste gedagte kan hier dikwels wees dat hier tog iets van die ware gemeenskap is wat daar in die liggaam van Christus moet wees. Dat die Heilige Gees tog hier die liefde tot God in die liefde tot die naaste sigbaar laat word.[64] Ons het egter nie hier 'n lewe uit gemeenskap met Christus nie. Volgens Oosthuizen sien die Bantoe in sy voor- of na-Christelike stadium homself as deel van 'n kultiese gemeenskap wat sy hele lewe omsluit. Sy saligheid kry die Bantoe van hierdie hele sisteem. Daar is nie sprake van 'n Bybelse wedergeboorte nie, maar van 'n poging om homself in te bed in die geheel en langs hierdie weg die ekonomiese, sosiale en geestelike gawes te geniet. Dit is inderdaad 'n „social gospel". Godsdiens moet vir die Bantoe in sy sosiale en ekonomiese ellende help. En hy word nie gehelp as sy medemens nie gehelp word nie. Die sosiale en ekonomiese ontvang hier die klem. Die sukses van 'n godsdiens word deur die opbou van menslike verhoudinge bepaal.[65]

Hier is dus nie 'n Christelike gemeenskapsgevoel nie, maar juis 'n gemeenskap waaruit Christus verdring is en waar die mens self vir die welsyn van die gemeenskap verdring is en waar die mens self vir die welsyn van die gemeenskap voorsien. Werklike samehang en gemeenskap word eers daar bewerkstellig waar alles verenig is onder een Hoof — eers daar word die ontwrigting wat deur die sonde veroorsaak is, beëindig.[66]

In die lig hiervan moet die hulpvaardigheid, die oordra van krag tot genesing en die orde in die Z.C.C. gesien word.

Die organisasie vertoon geen sterk ooreenkoms met een van die bekende kerkregeringstelsel van die Christendom nie. Van 'n presbiteriale kerkregeringstelsel is daar in elk geval nie sprake nie. Wanneer die kenmerke vir die ware kerk as toetssteen gebruik word, kan hier ook nie gespreek word van 'n kerk nie.

## 4. Oorsake uit die Christendom

Hier moet veral drie sake in aanmerking geneem word, nl. die verdeeldheid van die Christendom, die gevolge van die Christelike kultuur, en die oppervlakkigheid in die bediening.

### 4.1. *Die verdeeldheid in die Christendom*

By die Z.C.C. is die invloed van die verdeeldheid duidelik aanwysbaar. Engenas Lekganyane het wel by sy verlating van die Free Church of Scotland gesê dat dit vir hom gaan oor groter suiwerheid by die Apostoliese Geloofsending, maar dit is duidelik dat die splintering wat deur die Bantoe soveel verder gevoer is, nie gaan oor leerverskille nie, maar veel meer oor leierskap.

As die Bantoe na een kerk alleen kon kyk toe die evangelie hier gebring is, sou elke breuk moeiliker gewees het. 'n Feit is egter dat die Bantoe met die praktyk van verdeeldheid in aanraking gekom het terwyl hy die eise van die Skrif tot eenheid nog glad nie verstaan het nie. Dit kon dus vir die Bantoe maklik gelyk het na 'n normale verskynsel om maar weer 'n eie groep te stig. Met betrekking tot die ou besit het dit vir die Bantoe verwarrend voorgekom, want daarvolgens moes elke volk dieselfde godsdiens hê.[67] Met betrekking tot die nuwe het dit egter normaal voorgekom.

Die sondige verdeeldheid het by die Bantoe die idee laat posvat dat elkeen maar die Bybel op sy eie manier kon verklaar.

Belydenisskrifte is nie geag nie en daar is staatgemaak op die leiding van die Heilige Gees. Op die kredensiebrief van die Z.C.C. vir predikante kom die volgende bewoording voor: „This is to certify that the bearer hereof... having been called by the Holy Ghost as a Christian worker in the Zion Christian Church, has been ordained by us..."[68]

Terwyl die Bantoe nou ook a.g.v. die verdeeldheid onder die Christene nie met die regte kerkbegrip gekonfronteer is nie, was dit maklik om die volgende stap te neem en oor te gaan tot die ou heidense stamorganisasie.[69] Daar word ook beweer dat hierdie gevaar groter geword het omdat die Protestantse kerke nie tydig die regte kerkbegrip aan die Bantoe verkondig het nie.[70] In die lig van die bestaande toestand is dit geen wonder dat die skeuring na die dood van Engenas Lekganyane kon plaasvind bloot a.g.v. stryd oor leierskap nie.

Daar is by die Z.C.C. ook geen Bybelse ekumeniese strewe nie. Hulle is jaloers op hulle nuutgevonde vryheid en eenheid en wil dit geensins in gevaar stel nie. Ekumenisiteit beteken vir hulle dat die hele wêreld voor hulle leier moet buig.[71]

### 4.2. *Die gevolge van die Christelike kultuur*

Toe die Christendom na Suid-Afrika gekom het, was dit onafskeidelik verbonde met die Westerse kultuur. Bewus en onbewus het die sendelinge die kultuur waarmee hulle gekom het, oorgedra. Behalwe die sendelinge het deur blote kultuur kontak ook baie oordrag van die Blankes op die Bantoes plaasgevind. Dit het daartoe bygedra om die Christendom onder die Bantoe te laat posvat.

Die Bantoe is dikwels onnodig van sy eie kultuur geskei.[72] Mettertyd, na die skok van die Westerse kultuurverowering het daar weer reaksie gekom wat by die Bantoe 'n selfbewussyn laat ont-

wikkel het wat herlewing en wedergeboorte van die ou kultuur moontlik gemaak het.[73] Toenemend is besef dat die ou kultuur ook waardevolle elemente besit het.

Omdat die evangelie nie onvermengd gebring is nie, maar verweef met die Westerse kultuur, is dit ook so dat die antwoord hierop nie altyd 'n suiwer godsdienstige antwoord was nie. Met die koms van die nuwe het die ou kultuur ernstig gely. Dit is in hierdie lig dat die volgende opmerking van Welbourn verstaan moet word: „It must indeed be asked whether, when all the complex circumstances have been listed and discussed, the final answer to the question, Why separatism? is not given by Sundkler when he speaks of the independent churches as attempts to form a "church-tribe" — some place where among the debris of the old tribal life still unassimilated to the west, Africans can feel at home".[74]

Daar moet egter nie net eensydig oor die koms van die Christendom saam met die Westerse kultuur gedink word nie. Daar was nie net die negatiewe afbraak van die waardevolle in die inheemse nie, maar dit moet ook so gesien word dat God die weë juis so gelei het dat die Bantoe baie van die Weste kon ontvang. „Die handel moes die Bybel volg of vergesel, en die vlag desnoods albei om hulle te beskerm. Die resultaat was al te veel dat die vlag van die kerk misbruik is om ander ladings te dek. Nogtans kan dit nie ontken word nie dat die politieke invloede en wedywer van Europese volke met gevolglike kolonisasie die weg vir die kerk en die Christendom oop- en gelykgemaak het".[75]

Barrett kom dan tot die gevolgtrekking: „The root cause common to the entire movement of independency, therefore, may be seen in this one aspect of culture clash: *a failure in sensitivity, the failure of missions at one small point to demonstrate consistently the fulness of the biblical concept of love as sensitive understanding towards others as equals, the failure to study or understand African society, religion and psychology in any depth, together with a dawning African perception from the vernacular scriptures of the catastrophic nature of his failure and of the urgent necessity to remedy it in order that Christianity might survive on African soil*".[76] Dat Barrett hier dié worteloorsaak raak, val te betwyfel. Dit is in elk geval duidelik dat die kultuurbotsing ook die Z.C.C. sterk daartoe gedring het om terug te gryp op die ou kultuur. Dikwels dryf die gevoel van ongelukkigheid in die nuwe die Bantoe weer terug na bewegings soos die Z.C.C. Hier word die geluk, die gevoel van tuis wees, dan in die herlewing van die ou kultuur gevind.

Die Skrif word dikwels dan ook nie reg opgevat wanneer daar 'n teruggrype op die ou kultuur is nie. So meen die Z.C.C. dat veelwywery in die Bybel steun vind.

Barrett meen daar was 'n drievoudige mislukking in die begrip van wat die Blanke van die Bantoe moes gehad het.[77] Ten eerste was daar die liefde wat gefaal het deurdat dit nie die Bantoetradisie begryp het nie. Dit het soms gelei tot minagting van die Bantoetradisie en so kontak moeilik gemaak. Ten tweede het juis hierdie gebrek aan kontak weer daartoe gelei dat die goeie nie van die

slegte onderskei kon word in die Bantoekultuur nie. Die derde mislukking is dat die ooreenkoms van die kultuur van die Bantoe met die Bybel nie raakgesien is nie.

Oor die invloed van die kultuur moet ook vanuit 'n ander hoek gespreek word. In Suidelike Afrika, veral in die Republiek van Suid-Afrika, het daar groot kultuur-aanraking gekom. Die sendingwerk kon nie byhou om aan die kultuuraanraking wat ook oordrag van die Christendom beteken het, die nodige diepgang te gee nie. Die gevolg was dat duisende nominale Christene geword het. Hierdie duisende vind hulle tuiste maklik in die Z.C.C. waar hulle dan as Christene deurgaan, maar in die kerke word hoër eise gestel.

Hoewel die algemene genade van God deur vele kerke bely word, is dit tog so dat in die praktyk die algemene genade van God dikwels verbygesien is t.o.v. die Bantoe. Dit het beteken dat waardevolle elemente uit die ou lewe nie altyd na waarde geskat en behou is nie.

Paternalisme, wat aan sy grondslag het die gedagte dat die Westerse kultuur meerderwaardig is en dat dit die leiding moet gee, het grootliks bygedra tot die ontstaan van verskeie onafhanklike bewegings.

### 4.3. *Oppervlakkige bediening van die Woord*

Die verkondiging van die Woord aan die heidene by die eerste ontmoeting en die opvolgende leer het dikwels nie diep genoeg gegaan nie. Die Roomse Kerk gee dikwels alleen oppervlakkige onderrig en vertrou dan dat die Heilige Gees die gedooptes verder sal lei. Dit is soms praktyk by hulle om die kinders te doop en dan maar te vertrou dat die volwassenes later sal kom. Hierdie oppervlakkigheid het ook sy uitwerking op die Protestantse kerke. Soms is die oppervlakkigheid ook die gevolg van 'n wedywering in dieselfde gebied. Daar is 'n gejaag na kwantiteit en nie kwaliteit nie.

Luzbetak sê dat daar niks is wat so maklik sinkretisme in die hand werk as ongesonde kategese nie.[78]

In die Republiek van Suid-Afrika is daar vir hierdie oppervlakkigheid die swaarwegende oorsaak dat die oes groot en die arbeiders min is. Daarom kon daar nie bygehou word met diepgaande sending by die nominale kerstening nie, soos reeds genoem is. Baie van die onafhanklike bewegings groei op onvoldoende kennis van die Skrif.

Baie Blankes het ook die opvatting gehad dat die Bantoe alleen 'n tweedeklas-Christen kan wees en so aanvaar moet word. Hierdie gesindheid het na twee kante nadelig gewerk. Ten eerste het dit die oorbrengers van die Evangelie nie grondige kerugma en didaskalia gebring nie en ten tweede het sommige Bantoes self 'n renons gekry in die minderwaardige status van Christene waarin hulle moes voortgaan.

Die geweldige probleem van kommunikasie het natuurlik ook sy deel bygedra tot die oppervlakkigheid in die oorbrenging van die Woord. Daar was dikwels wanbegrip.

Oppervlakkigheid as rede vir die ontstaan en aard van die Z.C.C. en ander soortgelyke bewegings moet egter nie net as foute van die Blanke gesien word nie. Nee, die oppervlakkigheid het juis die aanloklikheid in die Z.C.C. geword. Dit het miskien ook hiermee te make dat daar baie ongeletterdes in die Z.C.C. is. Terselfdertyd moet daar ook gestel word dat die kerk nog nie wetenskaplik genoeg werk met juis die ongeletterde Bantoe om aan hom die Evangelie te verkondig nie.

## 5. Nie-religieuse oorsake

Onder hierdie opskrif word nie bedoel dat hierdie oorsake geen verband hou met religieuse sake nie. Dit gaan hier om oorsake wat vanuit hulle *oorsprong* nie religieus is nie. Tog tref hierdie oorsake die Bantoe juis in sy religieuse bestaan want vir hom is dit so dat die hele lewe en die hele kosmos te make het met sy religie.

### 5.1. *Sekularisme*

Dammann beskryf sekularisme as 'n geestelike beweging wat die terrein van die wêreldlike lewe skei van die geestelike. Hierdie ontwikkeling het in die Weste begin, maar het veral sedert die Tweede Wêreldoorlog Afrika aangegryp. Hy wys die ontstaan van sekularisme op drie vlakke aan. Daar is ten eerste 'n sekularisme wat inheems is en wat die lewe van die Bantoes meer deur 'n gees van humanisme laat bepaal. Hierdie beweging is nie sterk nie. Dit berei egter die weg voor vir 'n sekularisme wat kom deur die Westerse tegniek en ontwikkeling. Dit is die tweede vorm van sekularisme. Die derde is dié sekularisme wat deur die sending bevorder is, nl. dié waar hulpmiddele geskei is van die godsdiens, bv. skole en hospitale.[79]

Die tragiek is dat die regte sekularisasie in die praktyk daartoe gelei het dat daar in Afrika 'n absolute sekularisme gekom het. So het die Christene die verantwoordelikheid teenoor God in hulle wêreldlike handelinge opgehef. Die sekularisme word 'n anti-goddelike mag. Sekularisme het eers meegebring dat mense op twee vlakke leef. Hulle het nog die religieuse op 'n van die lewe geskeide en ingeperkte vlak gehandhaaf, maar die verdere lewe was sonder God.[80] Dit het die Bantoe ook soms verder gevoer na sekularisme wat hom laat besef het dat hy vooruitgang sonder godsdiens kan geniet.

Maar die mens moet dan òf die tegniek òf die hele ontwikkeling tot sy god verhef, òf ander religieuse binding soek. Vir die Bantoe het dit dikwels daarop uitgeloop dat die sekularisme hom onveilig en bedreig laat voel. So is hy teruggewerp op die ou godsdiens. Die feit dat baie aanhangers van die Z.C.C. uit stedelike gebiede kom, wys ook die invloed van die sekularisme.

Dit is wel goed wat die Bantoe betref dat die synde en die menslike aktiwiteit gedesakraliseer word. Prof. Du Plessis meen dat hier iets bereik is wat selfs die sending nie kon doen nie. Die sakralisering van alles by die Bantoe beteken dat die hele bestaan in 'n patroon vasgelê is en dat alles van die goddelike deurtrek is. Hieraan

word ook 'n sikliese gang gekoppel. Natuurorde en sosiale orde is ten nouste met mekaar verweef. Sekularisasie en tegnokrasie onttroon nou hierdie synde. Alles is dan nie meer vir die Bantoe religieus geïntegreer nie. Maar volgens die Skrif moet die synde nie net onttroon word nie, maar die intronisasie van God moet geskied.[81]

In die lewe van baie Bantoes is dit reeds 'n feit dat hulle van hulle ou lewenspatroon waarin alles geheilig is, losgemaak is. Daarby het hulle nou te staan gekom voor die geweldige invloed van die Weste en 'n verbysterende tegniese ontwikkeling, maar hulle het die weg nie gevind om hierdie dinge as gawes van God te beskou en te aanvaar deur die ware geloof nie. So het die Bantoes in die stede dan ook sonder God en sonder 'n god geword, met net hierdie nuwe kultuur en beskawing wat op hom aandring.

Maar hiermee het die Bantoe dadelik die gevoel dat sy siel vermoor word. Eers was alles ten nouste met die godsdiens verweef en nou is daar geen godsdienstige ankers nie. Daar word nou na 'n antwoord gesoek, 'n godsdienstige oplossing, op hierdie situasie waarin hulle beland het. „Ongelukkig wil die meeste van hulle dit in die separatistiese sektes vind wat ten spyte van die Christelike elemente daarin, wesenlik heidens bly".[82]

5.2. *Apartheid*

Die term „apartheid" word hier gebruik om die volle verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Republiek van Suid-Afrika in die praktyk te beoefen word, aan te dui. So word dit deur Sundkler gebruik.

Sundkler het die apartheid as die grondoorsaak van die bewegings in Suid-Afrika gesien.[83] Dit is maklik om die verbinding te maak wat hy gemaak het, nl. dat die bewegings in Suid-Afrika so veelvuldig is, en daarom moet dit in verband gebring word met iets wat aan dié land eie is.

Baie skrywers het Sundkler hierin nagevolg. Verskeie persone beskou die religieuse Bantoe-bewegings ook as plaasvervangers vir politieke onafhanklikheid en uitlewing van politieke ideale.[84]

Dat apartheid nie 'n grondoorsaak is nie, word alreeds bewys uit die feit dat die bewegings ook buite Suid-Afrika floreer. Sundkler het die proses van akkulturasie en die gevolge daarvan veels te min beklemtoon en juis dit is in die Republiek van Suid-Afrika van die allergrootste belang. Barrett verwerp dan apartheid as grondoorsaak deur te wys daarop dat afskeidings van die N.G. Kerk wat hierdie afsonderlike ontwikkeling steun, minimaal was, en by ander kerke wat nie afsonderlike ontwikkeling steun nie, veel groter.[85]

Dit is egter waar dat afsonderlike ontwikkeling, of om dit meer algemeen te stel: die hele verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Republiek van Suid-Afrika, wel 'n rol gespeel het in die groei en ontstaan van die religieuse bewegings. Dit is ook bekend dat 'n groep mense wat vyandig was teen die Blanke, hulle by Edward Lekgayane aangesluit het, maar later toe hy opleiding by Blankes ontvang het, weer weggebreek en by Joseph aangesluit het.

5.3. *Ander nie-religieuse faktore*

Schlosser noem nog die volgende faktore: Weiering van geleerde Nie-Blankes om onder Blanke leiding voort te gaan, agitators, blote gejaag na lidmate, aantrekkingskrag van leiers, toelating van poligamie ens.

## 6. Pogings tot 'n sinvolle sintese

Sierksma spreek van die posisie van innerlike gespletenheid waarin die mense van die „primitiewe" kulture te staan gekom het.[86] Die verlede deug nie meer nie en die hede kan ook nie aanvaar word nie. So bly daar vir hulle niks anders oor nie as dat 'n oplossing gevind word deur 'n sintese te maak uit die oue en die nuwe. Dit laat hulle veilig voel, want die krag van die nuwe is te sterk dat hulle dit sou kon ignoreer en so ook die binding van die oue. Grootliks intuïtief word die sintese nou voltrek.[87] Dit is vir die Bantoe sinvol.

Wat as sinvolle sintese van die kant van die Bantoe gesien word is egter niks anders as sinkretisme en outosoteria nie.

Baie van die ou dinge wat in die bewegings voortbestaan, moet dus vanuit hierdie oogpunt gesien word, nl. dat dit saam met die nuwe 'n veilige toekoms verseker.

Die sending het met die standpunt van òf ... òf gekom. Daar moes volledig uit die ou heidendom na die Christendom oorgestap word. Soms is selfs die waardevolle van die tradisie ook verwerp omdat „beskawing" saam met die Christendom 'n gelyke rol gespeel het. Dan was die antwoord van die Bantoe, wat bewegings soos die Z.C.C. betref, nie die een of die ander nie, maar én ... én.

Van die Indiaanse Shakers sê Barrett: „The truth is that the Shakers have struggled to weave a new fabric out of the strands drawn from two religious systems, and in attempting to maintain its distinctiveness *they have renounced quite as much as they have embraced"*.[88]

So vind daar seleksie plaas, maar ook herinterpretasie. Oneffenhede wat ontstaan het wanneer die sintese tussen die oue en nuwe voltrek word, word uitgeskakel deur herinterpretasie. Sierksma kom tot twee baie belangrike gevolgtrekkings, nl. dat daar parallelisme is tussen algemeen-kulturele en religieuse aspekte van die akkulturatiewe situasie, histories en prinsipieel,[89] en ten tweede dat die verdedigingsmiddele van seleksie en herinterpretasie, wat op tegniese, ekonomiese, sosiale en politieke terrein nooit toereikend is om disintegrasie en konflik te voorkom nie, op suiwer religieuse gebied altyd toereikend is.[90] Hier is dan 'n belangrike rede waarom juis op religieuse gebied die bewegings onder die Bantoes so floreer.

Behalwe ontwrigting en geestelike gespletenheid is ook die bloeiende nasionale trots van Afrika 'n kragtige werkende faktor agter seleksie en herinterpretasie.[91] Kultuurkontak het ook weer die Afrikakultuur gestimuleer.[92]

By die Z.C.C. is dit duidelik dat daar 'n sterk poging tot sintese is. Seleksie en herinterpretasie is duidelik aanwysbaar. Vorm of

inhoud is dikwels die heidense wat ten diepste met die Christelike geloof in konflik staan, maar hier word dit tot 'n nuwe geheel saamgebring. 'n Voorbeeld van hierdie samevoeging word gevind in 'n gebed van 'n Bantoe juis uit die gebied waar die Z.C.C. so sterk is: (Die betrokke Bantoe was lidmaat van die N.G. Kerk). „Ek het gekom badimo . . . Die nuwe godsdiens van die witman het na ons gekom. Maak julle dit vir ons oop om daarin te gaan. As julle geleef het, sou julle ook na die witman se kerk gegaan het. Pas vir ons op in die witman se kerk. Ons eer julle nog soos ons julle altyd geëer het . . . Laat ek so maak dat die Naam van die Here Jesus vereer word . . . Daar sal bees geslag word . . . Gee vir ons reën".[93]

By die oorname van die Bybel, die doop en die nagmaal, is dit telkens duidelik dat die Christelike erfenis met die heidense saamgesmelt is om vir die Z.C.C. 'n nuwe betekenisvolle eenheid te vorm. In die handhawing van taboe word 'n verbinding gemaak met die gebooie van die Bybel. Veelwywery word gehandhaaf met 'n beroep op die Bybel. Die heidense geeste-idee word gekoppel aan die Heilige Gees. Terme van die Bybel word met nuwe inhoud gelaai.

Kenmerkend van die Z.C.C. in die sin dat dit anders is as die meeste ander religieuse bewegings, is dat hulle oor die stamgrense heen gaan. Intuïtief is daar aangevoel dat godsdiens nie beperk kan word tot die stam nie. So is dit met die Christelike godsdiens. Daar is ook 'n sterk nuwere poging by die Z.C.C. om in 'n nuwe eenheid die tegniese prestasies en die ou geestelike besit saam te voeg.

So is dit duidelik dat die Z.C.C. wat betref die godsbegrip, magie, kerkbegrip, grootliks dwaal. Hiertoe het bygedra die ou agtergrond, maar ook verskeie oorsake uit die Christendom en ook nie-religieuse faktore. Bewus en onbewus het hulle ook probeer kom tot 'n betekenisvolle sintese wat egter 'n verloëning is van die enigste ware evangelie.

Ds. M. A. Kruger.

(Gelewer voor G.T.V. Pretoria, 27 September 1971).

VERWYSINGS

1 Schlosser, Katesa: Eingeborenenkirchen in Süd- und Südwest-Afrika; ihre Geschichte und Sozialstruktur. Kiel, Kommissionsverl. Mühlau, 1958. (Arbeiten aus dem Museum für Völkerkunde der Universität Kiel, 2), p. 184.

2 Ibid.

3 Martin, Marie-Louise: The Biblical concept of messianism and messianism in Southern Africa. Morija, Sesuto Book Depot, 1964, p. 111.
Schlosser: op. cit., p. 185.

4 Häselbarth, H.: Die Zion Christian Church in evangelischer Sicht. *(In:* Beyerhaus, P. red.: Begegnung mit messianischen Bewegungen in Afrika. Weltmission Heute, Heft 33/34), p. 12.

5 Martin: op. cit., p. 134. Vgl. Schlosser, Katesa: Profane Ursachen des Anschlusses an Separatistenkirchen in Süd- und Südwestafrika. *(In:* Benz, E. red.: Messianische Kirchen, Sekten und Bewegungen im heutigen Afrika. Leiden, Brill, 1965. Beihefte der Zeitschrift für Religions- und Geistesgeschichte, 10), p. 29.

6 Barrett, D. B.: Schism and renewal in Africa; an analysis of six thousand contemporary religious movements. Nairobi, Oxford University Press, 1968, p. 92.
7 Sundkler, B. G. M.: Bantu prophets in South Africa. London, Lutterworth, 1948. (Missionary research series, no. 14), p. 32.
8 Barrett: op. cit., p. 156.
9 Beyerhaus, B.: Vom verstehen messianischer Bewegungen. *(In:* Beyerhaus, P. red.: Begegnung mit messianischen Bewegungen in Afrika. Weltmission Heute, Heft 33/34), p. 9.
10 Margull, H. J.: Aufbruch zur Zukunft; chiliastisch-messianische Bewegungen in Africa und Südostasien. Gütersloh, Gerd Mohn, 1963. (Missionswissenschaftliche Forschungen, Bd. 1), p. 10. Vgl. Sundkler: op. cit., p. 240.
11 Häselbarth: op. cit., p. 11.
12 Tanner, R. E. S.: Transition in African beliefs. Maryknoll, Maryknoll publications, 1967, p. 5.
13 Eiselen, W. M.: Christianity and the religious life of the Bantu. *(In:* Schapera, I. red.: Western civilization and the natives of South Africa; studies in culture contact. London, Routledge, 1934), p. 67.
14 Vgl. Oosthuizen, G. C.: 'n Antropologies-teologiese ondersoek van die nativistiese bewegings. *(In:* S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns. Referate, 1966), p. 385.
Odendaal, A. A.: Die Godsbegrip. *In:* Die heidendom in die sendingkerk en die weerlegging daarvan. Kerk en wêreld, no. 2, 1959), p. 50—51.
Erasmus, O. C. O.: Die godsdienstige begrip en uitlewing in 'n Tswanagemeenskap. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1970, p. 103, 105—108, 110, 112. Proefskrif. Ongepubliseerd.
Bavinck, J. H.: Inleiding in de zendingswetenschap. Kampen, Kok, 1954, p. 261.
Taylor, J. V.: The primal vision; Christian presence amid African religion. London, SCM Press, 1963. (Christian presence series), p. 88.
Du Plessis, H.: Die primitiewe religies en die Christendom in Afrika. *Koers,* vol. 33, 1965/66, p. 189, 190.
Smith, E. W. red.: African ideas of God; a symposium. London, Edinburgh House Press, 1950, p. 22.
Van Wyk, J. A.: God, mens en wêreld: in die Skrif en daarbuite. *Ned. Geref. teologiese tydskrif,* vol. 9, 1968, p. 38, 39.
15 Erasmus: op. cit., p. 99.
16 Oosthuizen, G. C.: Post-Christianity in Africa; a theological and anthropological study. London, Hurst, 1968, p. 120.
17 Sundkler: op. cit., p. 289.
18 Häselbarth: op. cit., p. 22.
19 Bavinck, J. H.: Inleiding in de zendingwetenschap. Kampen, Kok, 1954, p. 260.
20 Du Plessis: *Koers,* p. 188—189.
21 Oosthuizen, Post-Christianity . . ., p. 129.
22 Welbourn, F. B. & Ogot, B. A.: A place to feel at home; a study of two independent churches in Western Kenya. London, Oxford university Press, 1966, p. 96.
23 Vgl. Tanner, p. 22.
24 Oosthuizen, G. C.: The misunderstanding of the Holy Spirit in the independent movements in Africa. *(In:* Christusprediking in de wereld . . . Kam-

pen, Kok, 1965, p. 122.
25 Häselbarth: op. cit., p. 22. Vgl. Sundkler: op. cit., p. 249.
26 Häselbarth: op. cit., p. 21.
27 1 Joh. 4 : 1.
28 Oosthuizen: Post-Christianity, p. 142.
29 Häselbarth: op. cit., p. 16. Martin: op. cit., p. 131.
30 Häselbarth: op. cit., p. 16.
31 Turner, H. W.: History of an African independent church. Oxford, Clarendon Press, 1967, 2 dele, p. 344.
32 Häselbarth: op. cit., p. 16.
33 Ibid. Vgl. Tempels, P.: Bantoe-filosofie. Antwerpen, De Sikkel, 1946. (Kongo-overzee bibliotheek, IV), p. 20.
34 Häselbarth: op. cit., p. 16.
35 Honig, A. G. jr.: Meru en Golgotha; de veelheid der verlossingswegen en de belijdenis aangaande Jezus Christus als de enige Verlosser, 1969, p. 66.
36 Ibid., p. 9—23. Vgl. Turner: op. cit., p. 352.
37 Du Plessis: *Koers*, p. 198.
38 Ibid. Van Wyk: op. cit., p. 39. Taylor: op. cit., p. 79.
39 Du Plessis: *Koers*, p. 198.
40 Schlosser: op. cit., p. 196.
41 Erasmus: op. cit., p. 110.
42 Margull: op. cit., p. 66.
43 Ibid., p. 34.
44 Martin: op. cit., p. 135.
45 Oosthuizen: Post-Christianity, p. 96.
46 Barrett: op. cit., p. 9. Vgl. Hayward, V. E. W. red.: African independent church movements. London, Edinburgh House Press, 1963. (Research pamphlets, no. 11), p. 71.
47 Dammann, E.: Das Christentum in Afrika. München, Siebenstern Taschenbuch Verlag, 1968, p. 7.
48 Oosthuizen, *S.A. Akademie*, p. 381.
49 Du Plessis: *Koers*, p. 199.
50 Ibid., p. 202.
51 Häselbarth: op. cit., p. 18. Vgl. Erasmus: op. cit., p. 252.
52 Häselbarth: op. cit., p. 19.
53 The Bantu world, Mokete o mogolo Zion City Moria.
54 Turner: op. cit., p. 84.
55 Oosthuizen: Post-Christianity, p. 185.
56 Erasmus: op. cit., p. 97 en 207.
57 Zion Christian Church. Constitution, p. 4. Ongepubliseerd.
58 Martin: op. cit., p. 165.
59 Taylor: op. cit., p. 135—144.
60 Martin: op. cit., p. 165.
61 Ibid., p. 165—166.
62 Tempels: op. cit., p. 60—61.
63 Sundkler: op. cit., p. 138.
64 1 Joh. 4 : 7—8.
65 Oosthuizen: Post-Christianity, p. 207.
66 Ef. 1 : 10.
67 Coetzee, J. H.: Kerk en Christendom teenoor die moderne heidendom

in Afrika. *Koers,* vol. 33, 1965/66, p. 213. Vgl. Martin: op. cit., p. 165.
68 Zion Christian Church. Ministerial credential. Ongepubliseerd.
69 Martin: op. cit., p. 165.
70 Martin: op. cit., p. 166. Welbourn & Ogot: op. cit., p. 137.
71 *Drum,* July 1954, p. 11. Indiginization in the African church, p. 13.
72 Welbourn & Ogot: op. cit., p. 139.
73 Jahn, J. H.: Muntu; an outline of Neo-African culture. Tr. by M. Grene. London, Faber & Faber, 1961.
74 Welbourn, F. B.: East African rebels; a study of some independent churches. London, SCM Press, 1961, p. 201.
75 Coetzee: *Koers,* p. 168.
76 Barrett: op. cit., p. 156.
77 Ibid., p. 156—158.
78 Luzbetak, L. J.: Christo-paganism. *Practical anthropology,* vol. 13, 1966, p. 128.
79 Dammann: op. cit., p. 157—158.
80 Ibid., p. 157—158.
81 Du Plessis, H.: Die kerstening van die Bantoe in 'n tyd van sekularisasie en sekularisme. *(In:* S.A. werkgemeenskap vir die sendingwetenskap. Sendingwetenskap vandag. Lux Mundi, 1), p. 67.
82 Ibid., p. 71.
83 Sundkler: op. cit., p. 32.
84 Schlosser: Eingeborenenkirchen, p. 1. Martin: op. cit., p. 166.
85 Barrett: op. cit., p. 95, 97.
86 Sierksma, F.: Een nieuwe hemel en een nieuwe aarde; messianistische en eschatologische bewegingen en voorstellingen bij primitieve volken. 's-Gravenhage, Mouton, 1961, p. 110.
87 Pfeffer, K. H.: Welt im Umbruch. Gütersloh, Mohn, 1966, p. 228.
88 Sierksma: op. cit., p. 98.
89 Ibid., p. 107.
90 Ibid., p. 109.
91 Pfeffer: op. cit., p. 229.
92 Jahn: op. cit., p. 237.
93 Hanekom, C.: Die huidige stand van die tradisionele godsdienspatroon by die Mamabolo; 'n etnografiese studie. Stellenbosch, 1965, p. 204—205. Proefskrif. Ongepubliseerd.